



Fynbos

Kleinmond

Natuerbewaringsvereniging
Nature Conservation Society

No/Nr 180 Maart 2025

Reg no / nr 005-622 NPO

www.kleinmondnbv.co.za

info@kleinmondnbv.co.za

Brilpikkewyne in die nuus

Skikking tussen bewaringsorganisasies en die visbedryf



Foto's: Carin Malan

Ons Bettysbaaise brilpikkewyn (*Spheniscus demersus*) is 'n klein pikkewyntjie wat net omtrent 4 kg weeg.

Maar mens moet hulle nie vlak kyk nie, want hulle is baie goed aangepas vir hul lewensomstandighede.

Hulle is tuis in die koel seewaters maar kom gereeld land toe om te rus en ook natuurlik om te broei. En soos ons weet kan die son warm bak langs die see. Die pienk kol bokant hul oë bevat egter kliere wat, wanneer dit warm is, bloedvloei na daardie area verhoog. Dit help om hulle af te koel. Hulle staan ook altyd met hulle rug na die son om hulle pote en vinne teen die son te beskerm.

Vir ons lyk alle pikkewyne eners, maar die swart kolle op die maag is uniek by elke pikkewyn, en 'n manier om individue uit te ken.

Hulle kan teen 20 km per uur swem. Mense haal net omtrent 8 km per uur as hulle afstand moet swem.

In die 18de eeu was daar meer as 4 miljoen pikkewyne

om Suid-Afrika, tans is daar slegs ongeveer 50 000.

Hulle word lankal as bedreig aangedui, maar in 2024 is hulle as krities bedreig aangewys.

Volgens die International Union for Conservation of Nature (IUCN) is daar 'n uiters hoë risiko dat hulle binne die volgende 4 jaar sal uitsterf tensy drastiese stappe geneem word.

Hierdie klein pikkewyntjies het reeds meer as 97% van sy bevolking weens hongersnood verloor, hoofsaaklik omdat hulle vernaamste voedselbron, sardyne en ansjovis, in hul gebied bykans uitgewis is deur kommersiële saknet-visvangste. Tensy hierdie visvangste gestaak word, het die pikkewyn nie 'n kans op oorlewing nie.

BirdLife South Africa en die Suider-Afrikaanse Stigting vir die Bewaring van Kusvoëls (SANKUB), verteenwoordig deur die Biodiversiteitsentrum, het in 2024 'n

(Na bl 2)

regsgeding aanhangig gemaak omdat die minister van bosbou, visserye en die omgewing na hul mening nie sinvolle visvangbeperkings ingestel het om die pikkewyne te beskerm nie.

Enkele dae voordat die saak in die hooggeregshof in Pretoria aangehoor sou word, is 'n ooreenkoms tussen die kommersiële vissers en die NRO's egter bereik wat bepaal waar visvangste nie in die omgewing van ses broeikolonies mag plaasvind nie.

Die volgende broeikolonies word geraak:

- St Croix Eiland in Algoa-baai met sy 1,543 brilpikkewyn-broeipare;
- Bird Eiland in Algoa-baai met 1,650 broeipare;
- Dassen Eiland langs die Weskus met 1,806 broeipare;
- Robben Eiland naby Kaapstad met 1,007 broeipare;
- Stony Point in Bettysbaai met 1,623 broeipare en
- Dyer Eiland by Gansbaai met 1,069 broeipare.

Hou in gedagte daar tans minder as 10 000 broeipare in die natuur oor is. Hierdie skikking tussen visserye en bewaringsorganisasies moet nog 'n bevel van die hof gemaak word, maar is 'n welkome en belangrike stap in die lang proses om te verseker dat die brilpikkewyne toegang het tot hul voorkeur-voedselbronne, naamlik ansjovis en sardientjies. Die ooreenkoms kan net werk as al die partye by hul ondernemings bly, en daarvoor sal voortdurende monitering nodig wees.

Besoek gerus SANCCOB se webblad by <https://sanccob.co.za/news> vir meer inligting oor hierdie dringende saak.

Bronne

<https://sanccob.co.za/news/south-africa>

<https://www.dailymaverick.co.za>

<https://epublikasies.netwerk24.com>

Brilpikkewyne



Wooden crosses at Palmiet Beach

At the end of the wooden boardwalk between DF Malherbe Street and Palmiet Beach there are three large wooden crosses erected in memory of crew members of the Norwegian vessel Gustav Adolf.

The Gustav Adolf was a Norwegian wooden barque built in 1879 in Arendal. She sailed all over the world doing general trade. On this trip the ship was on its way from Fremantle in Australia to Cape Town, carrying a cargo of 14 000 jarrah-wood logs intended for the South African Railways.

Between Port Elizabeth and Cape Town a storm erupted. The crew tried to pump water out of the ship while battling the stormy seas.

After three days the crew realised that they were drifting towards the rocky shores on both sides of the Palmiet River mouth. They released their two lifeboats just before the Gustav Adolf crashed into the rocky shoreline.

A group of men camping on Palmiet beach tried to help the seamen by guiding them to the Kleinmond

harbour. The sea was too rough for them to enter the harbour, however, and they decided to try to land on the sandy beach.

The first lifeboat to make the attempt was smashed to pieces by the waves. Three of the five people on the boat drowned when the boat went under. Captain Geruldsen and Officer Nielson then tried to swim to the shore. Officer Nielson managed to reach the beach, but the captain was washed out to sea.

The crew on the second lifeboat decided to wait out the storm. Fortunately for them, the storm died down during the night and they were able to reach dry land without any more mishaps.

Only two bodies were recovered, that of Captain Geruldsen and their only passenger, Mr Perkins. The surviving crew buried them on the beach and erected two crosses made from the jarrah-wood they had been taking to Cape Town. A third cross was later erected in memory of the two crew members whose bodies were never recovered.

Feesjaar vol verrassings word beplan

– Carl Swart

Die Kleinmond Natuurbewaringsvereniging gaan in die loop van 2025 sy 50ste se bestaansjaar met 'n verskeidenheid projekte, aanbiedings en geleentede vier met die oorkoepelende tema: “Biosphere living in Kleinmond”/ “Kleinmonders en die biosfeer”.

'n Webtuiste oor die fynbos van Kleinmond sal in Oktober bekendgestel word. Hierdie webtuiste sal die fynbos van ons omgewing tot in jou voorhuis bring en sal jou help om te weet watter fynbosspesie elke maand blom, tesame met 'n kas vol inligting en foto's van die blomme.

Na die wintervakansie sal leerders van die plaaslike skole deelneem aan verskillende kompetisies – teken en verf, kuns gemaak van herwinde afval, fotografie en kreatiewe skryfwerk – alles met 'n fokus op die lewe in die biosfeer.

Die fotografieklub se tema in September sluit aan by ons biosfeer-tema en ons is seker dat die fotograwe ons leefwêreld kreatief sal uitbeeld.

Die bekende botanis Leon Kluge sal Kleinmond vroeg in Oktober besoek as spreker by die feesjaar se hoogte-



punt. Tydens die skoolvakansie sal daar 'n uitstalling in die stadsaal wees van die werksaamhede van die vereniging, van die leerders se skryfwerk en kuns asook van die fotograwe se werk. Daar sal ook soggens praatjies oor die fauna en flora van Kleinmond in die biblioteeksaal aangebied word. Verskeie uitstappies in die omgewing sal aansluit by hierdie temas.

Kogelberg Biosphere Wildlife Rescue and Training Centre

This centre, situated in the Kogelberg Biosphere, received its permit from CapeNature in December after more than two years of dreaming, scheming, planning and complying with all the permit requirements.

It is the first of its kind in the Western Cape able to take in and rehabilitate animals with the aim of releasing them back into the wild.

The staff members are grateful for the help they received from donors and volunteers who helped to make their dream a reality. Donations from family trusts, anonymous donors, conservation organisations and individuals have been instrumental in the creation of the centre.

The staff have been kept busy since the day they opened their doors. They receive about 400 phone calls and about 30 walk-ins every week.

Birds form 60-70% of their patients; the rest are mammals, amphibians and reptiles. There were tortoises with broken shells and animals with broken legs. Nothing is turned away, however small or large.

The centre is operating at full capacity, and already trying to find ways to erect more enclosures, build a storeroom and prefab class rooms and expand their clinic.

Through the rehab centre the Kogelberg Biosphere will address all three goals of their Man and Biosphere Programme: conservation of biodiversity, economic development and education and training.

Visit <https://kogelbergbiosphere.org.za/> for more information.



Image: kogelbergbiosphere.org.za

Birds nesting on sandy shores



Oystercatchers

Spring and summer are peak times for shore birds to lay and hatch eggs.

Unfortunately, this is also the time when there is an increase in human visitors to the area, and they do not always contribute to the breeding success of these birds.

Why are people a threat?

People and dogs scare birds off their nest sites (often without meaning to). When their eggs become too hot or too cold, they do not hatch.

Kelp harvesting destroys nests amongst the dry kelp near the high-water mark. The kelp provides protection to the vulnerable chicks when the parents are collecting food.

Look out for oystercatchers!

Oystercatchers are among our beloved but scarce shore birds. They nest in little hollows in the sand, making their eggs and chicks extremely vulnerable to harm.

When you walk on the beach:

- Listen for their alarm call. It often indicates the proximity of chicks.
- Give nests plenty of space in order not to scare parent birds off their eggs.
- Watch your step to avoid eggs or chicks. Try to walk on wet sand close to the water.
- Keep dogs leashed when walking on the beach as per the Bylaw.

Betty's Bay's Nesting Shorebirds

In a joint initiative the Betty's Bay Conservancy and the Betty's Bay Oystercatcher Monitors compiled a beautiful pamphlet on this topic.

Find it here: <https://bettysbayconservancy.co.za/bettys-bays-nesting/>

Fynbos is die nuusbrieff van die Kleinmond Natuurbewaringsvereniging

Saamgestel deur die redaksionele komitee

Artikels, behalwe herdrukke uit ander bronne, mag sonder verlof herdruk of aangehaal word, mits die bron, *Fynbos*, erken word. Die menings van die artikelskrywers is nie noodwendig die opinie van KNBV nie.

Fynbos is the newsletter of the Kleinmond Nature Conservation Society

Compiled by the editorial committee.

Articles, except reprints from other sources, may be reprinted or cited without permission provided the source, *Fynbos*, is acknowledged. The opinions of the authors are not necessarily those of KNCS.

Kontakbesonderhede:

Voorsitter: Carl Swart (cjswart2349@gmail.com)

Redakteur: Thea Brink (brinkthea@gmail.com)

Vrae aan lepidopteroloog Magriet Brink

1. Wat is 'n lepidopteroloog?

Nie so eenaardig soos dit klink nie – dis iemand wat belangstel in skoenlappers en motte en hulle en hul ontwikkeling bestudeer.


2. Dan weet jy seker wat ek kan maak met die wurms wat my tuinplante verwoes?

Dit hang af van die tipe ruspe en jou tipe tuin. Insekte is deel van ons inheemse ekosisteem, en gesonde plante vind baat by die natuurlike snoei en bemesting wat ruspes verskaf. Verder is die ruspes ook noodsaaklike kos vir voëls, paddas, akkedisse en ander insekte. Die volwasse motte of skoenlappers help om

jou kosbare blomme sowel as die fynbos in die veld te bestuif.

Dit is belangrik dat ons in hierdie konteks anders aan tuinmaak begin dink. Jou tuin is deel van 'n groter ekosisteem. Jou individuele plantjies mag dalk soms bietjie gehawend lyk, maar die hele sisteem – ons inklus – kan net oorleef as ons vir al die rolspelers genoeg ruimte laat om hulle ding te doen. Sommige ruspes, veral uitheemse spesies wat op uitheemse plante voed, kan wel 'n probleem vir die tuinier wees. As jy regtig nie die ruspe op jou roos wil hê nie, kan jy hom met die hand verwyder en vir die janfrederik voer.

3. Gee asseblief 'n paar name van plante wat skoenlappers na my tuin sal lok



Jou boegoeplante en jou suurlemoenboom sal **Papilio demodocus**, die sitrus-swaelstert of lemoenvlinder, lok. Hulle soek ook jou kruietuin op, veral as daar lede van die wortel-familie is (soos pietersielie en vinkel).




Essenhoutbome (*Ekebergia capensis*) se blare voed die ruspes van **Charaxes brutus** (witstreepdubbelstert). Hulle hou ook van vrot vrugte; hou maar jou natrossies vir eers aan jou druiwepriemel.



Aronskelke (*Zantedeschia ethiopica*) lok die *Hippotion*-spesies, veral *Hippotion eson* (gestreepte pylstertmot) en *Hippotion celerio* (wingerd-pylstertmot). Die ruspes word ontstellend groot, maar eet meestal net blare en produseer 'n klein kruiwa-vrag natuurlike bemesting.



Searsia, Protea en Watsonia is almal natuurlike voedselplante vir **Nudaurelia cytherea** (dennemot of Kersfees-pouoogmot). Die ruspes eet gelukkig ook die blare van die uitheemse dennebome en bloekombome.



Gazanias sal die larwes van **Vanessa cardui** (sondagsrokkie) lok met hulle blare, en heelwat ander skoenlappers met hulle nektar.



Les bes is jou malvas (bv *Pelargonium capitatum*) voedselplant vir die klein **Cacyreus marshalli** (gewone malvabloutjie).

Foto's: Magriet Brink

Bird of the year

Bird of the year 2025 is the red-billed oxpecker (*Buphagus erythrorhynchus* or rooibekrenostervoël).

Everyone who has ever been in a game park in southern Africa has seen and enjoyed these little birds catching rides on buffalo, giraffes, rhinos, warthog and hippos – and paying their fares by pecking away at the parasites on their hides.

Oxpeckers are social and noisy birds and usually move in flocks.

They nest in cavities in trees and form monogamous pairs during the breeding season. Parents share incubation duties, while other members of the flock contribute to caring for the chicks. Chicks stay with their parents until they are ready to survive on their own.

The red-billed oxpeckers in South Africa are a



conservation success story. Their population and range had dwindled for a long time, but concerted conservation efforts managed to turn this around. The birds have been reintroduced to areas from which they had disappeared, and farmers helped by using bird-friendly methods to control ticks and other parasites on their animals.

Vleilande Dag

in die Harold Porter Botaniese Tuin

– Christa van Schalkwyk

Die Ramsar Konvensie vir Vleilande is in 1971 in Ramsar, Iran gesluit met die doel om die bewaring en volhoubare benutting van vleilande oor die hele wêreld te bevorder.

In Suid Afrika is daar meer as 30 Ramsar verklaarde vleilandgebiede, onder andere die Bot-en-Kleinriviermondings.

Vleilande is baie besondere stelsels wat 'n groot verskeidenheid spesies onderhou. Hulle is ook belangrik vir die ekologie en in Februarie het 25 Strandlopers van Kleinmond die Harold Porter Botaniese Tuin besoek om uit te vind hoe alles in mekaar steek.

Die kinders het begin met 'n klein eksperiment waar hulle 'n model van 'n tipiese vleiland gebou het. Hulle kon self sien hoe 'n vleiland water opsuig en filtreer sodat dit skoner aan die ander kant uitkom. Daar was groot opgewondenheid toe hulle die resultate begin waarneem het. Mens kon die liggies sien aangaan!

Die kinders het toe die klein vleiland in die tuin besoek waar Ebrahim Hull verduidelik het hoekom vleilandplante daar kan groei sonder om te verdrink. Hy het ook vertel hoe sommige plante die water kan skoonmaak deur bakterieë en selfs metale in hul wortels op te neem.



Foto: Esmé Olivier

Daar was ook tyd vir die kinders om rond te loop en te kyk hoeveel diere en plante hulle kon raaksien. Baie diere en voëls bly langs en in vleilande en dit is nog 'n belangrike rede waarom mens vleilande moet oppas.

Eunice Jurgens het toe gewys hoe wonderlik die natuur vir homself sorg as ons hom in vrede laat om sy werk te doen. Sy het verduidelik hoe mense vleilande beskadig deur hul bouprojekte en boerdery-bedrywighede. Water wat van myne en ander industrieë kom, kan vleilande ook so besoedel dat die plante en diere begin doodgaan.

Die Strandlopers het almal saamgestem dat vleilande spesiale plekke is wat ons moet bewaar en skoon hou sodat almal, mense, diere en plante, gesonde water kan hê.

Nuwe lewe na die vuur

Daar was onlangs 'n brand in die veld oos van Meeren-
vlei en aanvanklik het die veld daar swart en lelik gelyk.
Maar uit daardie swart aarde het daar sommer gou
bloedrooi blomme verskyn.

Eers was daar *Haemanthus coccineus* met stewige rooi
skutblare en ligte blomstele vol rooi strepies en kolletjies.

Saam met hulle het daar ook verskeie kandelaarbosse
(*Brunsvigia orientalis*) verskyn. Eers was daar net lang
rooi stamme. Dan gaan die blomskede oop en die rooi
blomkop kom te voorskyn. En kort voor lank blom hulle
asof hulle betaal word.

Hulle normale blomtyd is herfs, maar hulle hou ook
daarvan om kleur te bring aan swart gebrande veld. Die
groot blomkop kan tot 80 blomme bevat.

Allerhande klein groen plantjies het spoedig hul
verskyning begin maak, en deesdae sien 'n mens die
bloedrooi blomme *Haemanthus canaliculatus* oral tussen
die adelaarsvarings (*Pteridium aquilinum*).

En dis baie goeie nuus as jy in ag neem dat hierdie spesi-
fieke *Haemanthus* as bedreig opgeteken is en steeds
groot dele van sy habitat aan kusontwikkeling moet
afstaan.

Haemanthus canaliculatus lyk omtrent net soos die
ander twee *Haemanthus*-spesies wat hier voorkom en
ook meer volop is. Sy skutblare en steel verskil egter. Sy
blare, wat gewoonlik eers na die blomtyd verskyn, lê nie
plat op die grond nie, maar maak 'n sierlike boog en het
'n groef in die middel (vandaar die *canali*- of kanaal in sy
naam).

Maar moenie eers probeer om hulle bolle uit te grawe
nie. Hulle werk glad nie saam as mens hulle in jou tuin wil
tuismaak nie. Selfs Harold Porter het nie sukses met hulle
nie. Hulle groei in 'n baie spesifieke tipe mikro-klimaat, en
ook net naby die kus tussen Pringlebaai en Kleinmond.

Tussen al die swart takke was daar ook skielik struikie
met groen blare. Dit is *Asparagus rubicundus* (wag-'n-
bietjie of katdoring). Net onder die grond het hulle
stamvoete wat 'n brand oorleef en dadelik daarna begin
om nuwe lote uit te stoot. Jy verwonder jou nog aan die
groen plante, dan is hulle al vol in die blom.

Sy dorings wys "verkeerde" kant toe, en as mens eers
verstrenghel geraak het, moet jy maar 'n bietjie wag – jy
gaan nie sonder geduld loskom nie.

En nou wonder ons watter skaars plante volgende gaan
verskyn. Daar sal beslis 'n hele paar wees.



Brunsvigia orientalis



Haemanthus canaliculatus



Asparagus rubicundus